

DIE EÏNDE VAN 'N ERA

Na 41 jaar in die Onderwysberoep en skoolhoof sedert Januarie 1994 is dit tyd om halt te roep. Ons skool is op die kruin van die golf op baie terreine en dit gaan besonder goed met Framesby as skool. Ons akademiese uitslae is voortreflik en daar is baie energie en opwinding by ons sport- en kultuuraktiwiteite te bespeur.



"Onderwys was van jongs af die loopbaan wat ek verkies het en dit bly 'n voorreg om deel te kon wees van die opvoeding, onderrig en afrigting van duisende kinders oor baie jare. Maar soos wat mens ouer word, kom ook hierdie tydperk tot 'n einde en word dit my keuse om teen die einde van volgende kwartaal af te tree".

My rykdom aan die wonderlikste skoolgebeurtenisse sal die vuurmaakhout wees vir die winterjare wat in my lewe voorlê. Die spesiale deel wat Framesby in my loopbaan gespeel het sal altyd onvergeetlik bly.

Mooi loop.

Jan Stroebel

A-VELD BINNEKORT HELDER VERLIG

Diegene wat in die laaste klompie weke die skool besoek het, of op die A-veld rugby kom kyk het, sou opgemerk het dat daar 'n gewoel en 'n gewerskaf aan die gang was langs die oop pawiljoen. Ons is baie opgewonde dat die A-veld binnekort nie net op die pawiljoen nie, maar ook aan die oorkant, met baie sterk spreiligte sal spog. Was dit egter nie vir die inisiatief en GROOT welwillendheid van 'n groepie ouers en oud-ouers nie, sou hierdie projek nooit van die grond gekom het nie. Verskeie goedgesinde ondernemings het hul dienste gratis of teen lae koste beskikbaar gemaak sodat twee baie sterk betonfondasies, wat beide met staal bewapen is, gegiet kon word. Daarna is twee 10 meter pale, beide aan die skool geskenk, daarop aangebring, waarna altesaam 8 ligte, ook geskenk, gemonteer is. Die grootste werk is gedoen en gereël deur mnre lan Kleyn, Derick Wilkie en Hugo Ras. Ons is ongelooflik dankbaar en kan nie wag dat die ligte aangeskakel kan word nie! Daar sal altesaam 14 ligte wees wat die veld sal verlig.

LAASTE WEEK VAN DIE KWARTAAL

**NORMALE
SKOOLROOSTER
WORD GEVOLG**

**Skoolbywoning soos
normaal tot
Donderdag 21 Junie
Rapporte 22 Junie**

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Kean de Nysschen, 9C
Benedict Hayes, 10A
Juandré van Rensburg, 8D

Sondag

Mondray Diedericks, 9G
Johannes Vosloo, 8A

Maandag

Jessica Renison, 8B
Miecke Smuts, 8D
Johannes v d Merwe, 10A
Deidre Venancio, 12F

Dinsdag

Erik de Lange, 10B
Karla du Toit, 9A
Suné Knoetze, 10F

Woensdag

Nathan Lottering, 9E
Danika Nel, 8B
Monré Olivier, 10D
Sharline Parker, 9E
Monya van Tonder, 10A

Donderdag

Johannolene Joel, 8C
Werner Lee, 8A
Reoné van der Mescht, 8G

Vrydag

Samuel Vos, 8D

FRAMESBY IS TROTS OP ...

BRANDWAG KOU KLIPPE OP ONS VELDE

Die bepaling teen Brandwag verlede naweek was, soos verwag, 'n klipharde affêre, maar oor die algemeen het ons Framesby-spanne aan al die verwagtinge voldoen. Op die hokkieveld het ons dames nie 'n enkele wedstryd verloor nie, terwyl ons netbalspanne 6 uit die 11 wedstryde gewen het. Op die rugbyveld het Brandwag maar swaar geleeft en het ons 8 uit die 9 wedstryde gewen.

Die hokkiespanne het regtig uitstekend gevaar. Die O/16C- en B-span het beide met tellings van onderskeidelik 1-0 en 2-0 gewen, terwyl die O/16A-span 1-1 gelykop gespeel het. By die seniors het die 2de span 2-0 gewen terwyl die derdes 1-1 gelykop gespeel het. Die eerstespan het uitstekend gespeel maar kon ongelukkig nie hul kans benut nie, en moes met 'n gelykoptelling van 0 – 0 tevrede wees. Wel gedaan, meisies!

Brandwag het nog altyd baie goeie netbalspanne in die veld gestoot, en vanjaar was die kompetisie weer baie straf. Ons O/14A-span het pragtig met 25-18 gewen. Ons O/14B- en C-spanne het beide ongelukkig naelskraap verloor. Ons O/16-groep vaar uitstekend vanjaar. Ons C-span het ongelukkig verloor, maar die D-, B- en A-spanne het daarvoor vergoed met uitstekende oorwinnings van 19-5, 29-6 en 17-15. Die O/19C-span het met 21-24 vasgeval, en die B-span het 'n pragtige oorwinning van 20-18 behaal. Ons eerstespan het ná 'n stadige begin hard teruggeveg en byna 'n haas uit die hoed getrek. Hulle was ongelukkig om uiteindelik met 32-34 te verloor. Genoeg om van te huil! Baie geluk aan al ons netbalspeelsters. Julle maak ons baie trots!

Op die rugbyveld het ons manne Brandwag redelik ore aangesit, met net die O/14B-span wat 'n bietjie van 'n deurstamp beleef het. Die O/14A-span het 12-5 gewen en die B-span 0-12 verloor. Die O/15's het 'n baie goeie dag beleef met die B-span wat 29-7, en die A-span wat 38-12 gewen het. Die O/16's het die pap lekker dik aangemaak en Brandwag met 57-5 (B-span) en 50-21 (A-span) afgeransel. Uitstekend manne! Ons seniors het ook nie op hulle laat wag nie, alhoewel die eerstes en tweedes nie baie goed gespeel het nie! Die 3des het die bal aan die rol gesit met 'n pragtige wentelling van 40-12, waarna die 2des oortuigend met 38-14 geseëvier het. Die eerstespan het 'n paar kansse verspeel en 'n drie of twee op 'n skinkbord weggegee, maar het steeds daarin geslaag om op 'n drafstap die manne van anderkant die Chatty kaf te draf met 41-22. Baie geluk aan al die rugbyspelers. Ons beleef tans 'n baie goeie seisoen, maar 'n paar baie harde wedstryde lê volgende kwartaal voor. Daar is dus geen tyd om op ons louere te rus nie. Baie sterkte vir die volgende deel van die seisoen!

OP-RUGBYSPANNE WEMEL VAN FRAMESBY-MANNE

Ná 'n reeks proefwedstryde is die rugbyspanne wat die Oostelike Provinsie tydens die Junie-vakansie by nasionale toernooie gaan verteenwoordig, uiteindelik bekendgemaak. Die O/18-spelers sal die provinsie by die Cravenweek en die Akademie-week verteenwoordig. Beide hierdie toernooie word vanjaar by die Hoër Jongenskool in die Paarl, wat vanjaar hul 150ste bestaansjaar vier, aangebied. Die O/16-spelers sal die provinsie by die Grant Khomowek in Kimberley verteenwoordig, terwyl die OP ook 'n O/16-uitnodigingspan stuur na die VKB-toernooi in Frankfurt. Vanjaar is daar ook vir die eerste keer 'n O/15-span gekies wat die Oostelike provinsie by die Rhinowek gaan verteenwoordig. Twee onderwysers is ook by van die spanne betrokke. Mnr. Christo Scriven is die hulpafrigter van die Grant Khomowek terwyl mnr. Francois van der Walt die spanbestuurder van die OP-uitnodigingspan sal wees.

Die spelers wat vir die onderskeie spanne gekies is, is: **Cravenweek:** Jaundré Liebenberg en Monray Potgieter. **Akademie-week:** William Moffat, Danie van der Merwe, Luan Ras en André Gerber. **Grant Khomowek:** Brandon Wilkie (Kaptein), Ruben du Preez, Ruan Claassen, Ethan Philander, Jean Quenet en Andrew Ndoro. **O/16-Uitnodigingspan:** Llewellyn du Toit en Johan van Biljon. **O/15 Rhino-span:** Juandré van Rensburg, Damian Robberts en Corné van der Merwe.

Baie geluk, manne! Framesby is BAIE trots. Ons weet julle sal ons naam hoog hou!

PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

Saterdag 9 Junie	Sondag 10 Junie	Maandag 11 Junie	Dinsdag 12 Junie	Woensdag 13 Junie	Donderdag 14 Junie	Vrydag 15 Junie
Netbal: Provinsiale oefenkamp Landloop: Liga 3		EKSAMEN	EKSAMEN	EKSAMEN	EKSAMEN Beheerliggaam- vergadering	EKSAMEN Rugby: Southern Coastal Toernooi

NOG UITSTEKENDE PRESTASIES!

FRAMESBY STAATMAKERS IN OP-MUURBALSPANNE

Oor die jare het Framesby diep spore getrap in Oostelike Provinsie-muurbal en verskeie nasionale verteenwoordigers opgelewer. Elke jaar lewer ons ook heelwat provinsiale spelers. Vanjaar is geen uitsondering nie, en ons is baie trots op drie van ons spelers wat opgeneem is in verskillende OP-spanne wat aan nasionale toernooie gaan deelneem.

Anli Thiel is opgeneem in die O/19-span wat in die Paarl gaan deelneem, terwyl Lourens van Niekerk en Denise van der Spuy beide in die OP O/14-span opgeneem is. Wat Johannesburg toe reis. Lourens is ook onlangs aangewys as die OP O/14 Kampioen vir 2018. Baie geluk en sterkte met die toernooie.



FRAMESBY-GHOLFSPAN SPEEL IN CAPE SCHOOLS



Ons gholfspan vaar vanjaar besonder goed en het al 'n paar van die ander skole lelik op hul neus laat kyk. Dis dan baie gepas dat ons span onlangs uitgenooi is om aan die jaarlikse Cape Schools-toernooi, wat op Plettenbergbaai en Knysna aangebied word, te speel. Die Cape Schools-tradisie is reeds jare lank aan die gang, en die genooide skole ding op die rugbyveld, die hokkiebaan en die gholfbaan mee. Die skole wat tradisioneel uitgenooi word is die sterkste seunsskole in die Wes-Kaap, asook 'n paar Oos-Kaapse skole. Uiteraard het die tradisie 'n baie sterk Engelse inslag, maar heelwat Afrikaanse skole neem ook deel. Om dus 'n voet in die deur te kry is baie goed!

Die toernooi word van 23 Junie tot 25 Junie op die Goose Valley-baan, die Knysnabaan en die Plettenbergbaai-baan beslis. Hulle speel 36 putjies op Goose Valley en 18 putjies elk op die ander twee bane. Dis dus 'n redelik uitmergelende toernooi! Framesby word verteenwoordig deur Martin Swiegelaar, Dantré Haasbroek, Michael Randall, Bradley Smith, Ferdi Röth en Justin Smit. Ons dame-ster, Zahn Scholtz, kan ongelukkig nie speel nie want sy verteenwoordig die OP in 'n interprovinsiale Vroue-toernooi.

Baie geluk, Zahn met jou insluiting in die vrouespan! Aan ons manne wens ons baie sterkte toe. Dit gaan verseker 'n baie harde toernooi met uitstekende spelers wees, maar ons manne gaan beslis 'n paar verrassings lewer! Hou ons naam hoog en vestig Framesby as 'n span wat elke jaar genooi kan word. Baie geluk!

EKSAMENROOSTER VIR HIERDIE WEEK

Die laaste week van die eksamen lê nou voor en die vakansie is net om die draai. Om egter nou te laat slaplê is net nie die moeite werd nie, en almal moet hard daaraan werk om tot die einde hul heel beste te gee. Sterkte!

	Graad 8	Graad 9	Graad 10		Graad 11		Graad 12	
			Oggend	Middag	Oggend	Middag	Oggend	Middag
Maandag 11 Junie	WISK	SW (Gesk)	FW V2	TOER	WISK V2 WG V2		LW	
Dinsdag 12 Junie	AFR V4	Musiek Xhosa	ENG P1		CAT V2		AFR V1	
Woensdag 13 Junie	NW (LW)	ENG P4			GEO V1 MUS V1	GEO V2	REK	
Donderdag 14 Junie		NW (FW)	AFR V1		ENG P1	IT V2	VS	
Vrydag 15 Junie	TEG	SK	CAT V2 IT V2		BS		IGO V2	

ALGEMEEN EN KOS VIR DIE SIËL

'N WAG VOOR MY MOND

Die Bybel praat op baie plekke oor die noodsaaklikheid daarvan dat 'n mens jou mond in toom moet hou. Ver al in die Psalms hoor ons meer as een keer die bede dat God die bidder tog moet help om sy tong in bedwang te hou. Die mees bekende voorbeeld hiervan is waarskynlik Psalm 141:3, wat lui: "Here, stel 'n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe". Woorde kan so gevaarlik wees, soveel kwaad aanrig. Dit kan in 'n oomblik iets vernietig wat nooit herstel kan word nie. Die apostel Jakobus skryf dat die tong soos 'n klein vuurtjie is wat die wêreld aan die brand kan steek. Duisende male het ons waarskynlik al gewens dat ons 'n bepaalde woord maar liever nie uitgespreek het nie, of dat ons iets ongedaan kon maak wat tot stand gekom het deur 'n onbesonne en onbewaakte woord. Die moeilikheid is egter dat daar iets onherroepliks lê in ons woorde. Wat gesê is, is gesê. Dit kan wel nog vergewe word, maar dit kan nooit weer ongesê word nie. 'n Mens kan jou afvra waarom woorde so gevaarlik is. Woordes gee tog maar uitdrukking aan wat ons dink en voel. Al sou ons nooit iets verkeerd sê nie, sou ons tog nog altyd verkeerde dinge van mekaar dink en haatlike gevoelens teenoor mekaar koester. Waarom word ons minagting van mekaar, ons bespottings van mekaar, ons innerlike wrewel teenoor mekaar soveel erger as dit uitgespreek word in plaas van om slegs in ons harte aanwesig te wees? Waarom sou dit gevaarliker wees om iets te sê as om dit te dink? Die antwoord sal wel iets te make hê met die onherroeplike karakter van die woord. Wanneer iets in die hart lê, is dit ook wel sonde. Minagting van die naaste of haat teen die naaste is inderdaad nie minder sondig as dit in my hart lê, as wat dit sou wees wanneer ek dit in my woorde tot uitdrukking bring nie. Jesus het ons immers geleer dat verborge haat nie minder skuldig is as die daad van doodslag nie, net soos verborge begeerte nie minder skuldig is as die daad van egbrek nie. En tog is dit waar dat die woord wat uitgespreek word of die daad wat verrig word, gevaarliker is as die verborge haat of begeerte, omdat dit in die konkrete lewe iets tot stand bring wat nie weer ongedaan gemaak kan word nie. Dit ontketen die haat en die minagting, dit skep ruimte daarvoor om na buite uit te tree en verwoes-ting aan te rig. Dit is die voldrae vrug van die kwaad wat in die verhouding tussen mense losgelaat word en só 'n beweegruimte kry wat dit in staat stel om sy werkings-krag duisendvoudig te vergroot. Haat en begeerte, minagting en innerlike wrewel is 'n groot kwaad, want dit is soos dinamiet wat in die hart is. Maar woorde en daede is die aansteek en ontploffing van die dinamiet wat alles uit hul voeë kan ruk. Daarom is dit nie so dwaas om te bid dat God 'n wag voor ons mond moet sit nie, selfs al weet ons dat ons ook elke dag moet bid om 'n rein hart.

Uit *Die Burger*, 21 November 1981

VAN ONS OP-RUGBYMANNE



Agter: Jaundré Liebenberg, Monray Potgieter, Luan Ras en André Gerber.

Middel: Brandon Wilkie, William Moffat, Danie van der Merwe

Voor: Ruben du Preez en Varkie Claassen

FRAMESBY-DASSE TE KOOP

Met die besoek van ons rugbyspan onlangs aan Japan, is daar spesiaal dasse laat maak vir die geleentheid, aangesien die span by sommige geleenthede redelik formele spandrag moes dra.

Daar is heelwat meer dasse bestel as wat nodig was sodat hierdie dasse aan Framesby-ondersteuners beskikbaar gestel kon word. Framesby het eintlik nog nooit 'n das vir oud-leerders en ondersteuners gehad nie, en hiermee word daar nou in hierdie behoefte voorsien.

Die das is redelik neutraal en is in 'n paisley-ontwerp. Die kleure is 'n mengsel van blou en maroen met die skoolwapen wat nie té prominent vertoon nie. Die das is by die klerewinkel beskikbaar en ons wil almal wat belangstel aanmoedig om een aan te skaf. Besoek gerus die klerewinkel.

